- (c) the manner in which a Board may donate funds or other moveable property for the provision, improvement or expansion of services and amenities, or donate funds for the acquisition of movable or immovable assets for the benefit of the hospital; 30
- (d) the powers and duties of the chairperson of a Board or Committee;
- (e) the manner in which a Board may make arrangements for the provision of a venue, as well as secretarial, administrative and financial accounting support; 35
- (f) the manner in which a Committee must pay funds raised for the benefit of the primary health care facility and the functioning of the Committee to the Board designated by the Head of Department in terms of section 18(6);
- (g) the manner in which a Board designated in terms of section 18(6) must take receipt of, administer and account for the funds raised by a Committee; 40
- (h) travelling and other allowances payable in terms of this Act;
- (i) the establishment of trusts by Boards; and
- (j) the criteria and process for the clustering of primary health care facilities for the purposes of the establishment of a Committee for a group of primary health care facilities. 45

(2) Subject to subsection (3), the Provincial Minister may make regulations regarding—

- (a) procedures for meetings of a Board or Committee; and
- (b) any other matter which may be necessary or expedient to prescribe in order to achieve the objects of this Act. 50

(3) In the case of regulations that have financial implications for the state, the Provincial Minister must make the regulations with the concurrence of the Provincial Minister responsible for finance.

Delegation

29. (1) The Provincial Minister may delegate or assign any of his or her powers or duties in terms of this Act, except the power to make regulations, to the Head of Department.
- (2) The Head of Department may delegate or assign any of his or her powers or duties in terms of this Act to— 5
- (a) an employee in the Department; or
 - (b) the holder of a specific office or position in the Department.
- (3) Despite subsection (2), the Head of Department may not delegate a power or assign a duty to a member. 10
- (4) A delegation or assignment referred to in subsection (1) or (2)—
- (a) must be in writing;
 - (b) may be made subject to conditions;
 - (c) may be withdrawn or amended in writing by the Provincial Minister or the Head of Department, as the case may be; 15
 - (d) may permit the further delegation of that power or further assignment of that duty;
 - (e) does not prevent the Provincial Minister or the Head of Department, as the case may be, from exercising that power or performing that duty; and
 - (f) does not divest the Provincial Minister or the Head of Department, as the case may be, of the responsibility regarding the exercise of the delegated power or the performance of the assigned duty. 20

Transitional provisions in respect of central hospitals

30. (1) Despite the repeal of the Western Cape Health Facility Boards Act by this Act, an existing central-hospital board in the Province continues to function in accordance with the provisions of that Act until the national Minister has appointed a representative central-hospital board for the hospital concerned. 25
- (2) Notwithstanding section 7 of the Western Cape Health Facility Boards Act, when the term of office of a member of an existing central-hospital board lapses prior to the appointment by the national Minister of a representative central-hospital board for the hospital concerned, that member may remain in office until the appointment has been made by the national Minister. 30
- (3) On the appointment of a representative central-hospital board by the national Minister—
- (a) the assets and liabilities of the existing central-hospital board vest in the representative central-hospital board, on condition that the assets must be utilised by the representative central-hospital board for the benefit of that board or the central hospital it serves; and 35
 - (b) the Provincial Minister may, after consultation with the existing central-hospital board, make a determination in writing regarding any matter that may be necessary to ensure the effective functioning of the representative central-hospital board. 40

Repeals and savings

31. (1) The Western Cape Health Facility Boards Act is repealed.
- (2) Subject to section 30— 45
- (a) a Board established under section 5 of the Western Cape Health Facilities Board Act and in existence immediately before the commencement of this Act continues to function and is regarded as having been established under section 4(1) of this Act;
 - (b) the juristic identity and the rights and obligations of such a Board are not affected by the repeal of that Act; and 50
 - (c) any person holding an office in accordance with that Act immediately before the commencement of this Act continues in office for the term of that person's appointment and is regarded as duly appointed in terms of this Act for the unexpired portion of his or her term of office. 55

(3) Any proclamation, regulation, notice, order, authority, permission or document issued, promulgated, given or granted and any other action taken under the Western Cape Health Facility Boards Act is, if not inconsistent with this Act, deemed to have been issued, promulgated, given, granted or taken under this Act.

Short title and commencement

5

32. This Act is called the Western Cape Health Facility Boards and Committees Act, 2016, and comes into operation on a date determined by the Premier by proclamation in the *Provincial Gazette*.

MEMORANDUM ON THE OBJECTS OF THE WESTERN CAPE HEALTH FACILITY BOARDS AND COMMITTEES BILL, 2016

1. BACKGROUND

- 1.1. Several sections of the National Health Act, 2003 (Act 61 of 2003) (the NHA), came into operation on 27 February 2012 in terms of Proclamation 11/2012, published in *Government Gazette* 35081. The relevant sections for the purposes of the Western Cape Health Facility Boards and Committees Bill, 2016 (the Bill) are sections 41 and 42, which govern boards to be appointed for hospitals and committees to be appointed for clinics and community health care centres.
- 1.2. Section 41(1) of the NHA makes provision for the national Minister of Health (the national Minister) to determine, inter alia, the range of health services, the procedures and criteria for admission and referral, and the schedule of fees for central hospitals. Section 41(2) of the NHA makes provision for the relevant member of the Executive Council (the MEC) to perform these functions in respect of all other public health establishments classified as a hospital other than central hospitals.
- 1.3. In line with these provisions, section 41(4) provides that the national Minister must appoint a representative board for a central hospital or group of central hospitals and prescribe the functions of these boards. Section 41(6)(a) provides that the relevant MEC must appoint a representative board for all public health establishments classified as a hospital or for groups of such public health establishments. The MEC must also prescribe the functions and procedures for meetings of these boards. The public health establishments referred to in section 41(6)(a) do not include central hospitals. Section 42 provides that provincial legislation must at least provide for the establishment in the province in question of committees for clinics and community health care centres or groups thereof.
- 1.4. Currently, the boards of all hospitals in the Western Cape, including the Boards of central hospitals, are appointed by the Provincial Minister of Health (the Provincial Minister) under the Western Cape Health Facility Boards Act, 2001 (Act 7 of 2001). No specific provision is made for the appointment of committees for clinics and community health care centres.
- 1.5. The Bill is necessary to comply with the abovementioned sections of the NHA. The Bill accordingly makes provision for the appointment of boards for hospitals in the Province other than central hospitals, and the appointment of committees for clinics and community health care centres. Clinics and community health care centres are categorised in the Bill as “primary health care facilities”. Hospitals and primary health care facilities are referred to collectively in the Bill as “health facilities”.

2. OBJECTS OF BILL

- 2.1 The objects of the Bill are to make provision for the appointment of boards for hospitals in the Province other than central hospitals, and for the appointment of committees for primary health care facilities in the Province, and to provide for the functioning of these boards and committees.
- 2.2 The objects of the Bill are to provide for—
 - (a) the establishment of representative and accountable health facility boards and committees as statutory bodies;
 - (b) responsiveness of the management of health facilities to the community and the needs of patients and their families;
 - (c) community support for, and involvement in, health facilities and their programmes;

- (d) a basic set of clearly defined functions and powers for boards and committees, which may be incrementally expanded in the public interest as the capacity of a board or committee increases; and
- (e) transitional provisions for existing central-hospital boards.

3. CONTENTS OF THE BILL

Clause 1 provides for certain definitions.

Clause 2 sets out the objects of the Bill.

Clause 3 provides for the designation of health facilities for the purposes of the appointment of a board or committee by the Provincial Minister.

Clause 4 provides for the Provincial Minister to establish boards and committees.

Clause 5 provides for the appointment of board members.

Clause 6 provides for the appointment of committee members.

Clause 7 sets out the eligibility criteria for appointment as a board or committee member.

Clause 8 provides for the term of office of board and committee members.

Clause 9 provides for the declaration and filling of vacancies on boards and committees.

Clause 10 sets out the duties of hospital boards.

Clause 11 sets out the powers of hospital boards.

Clause 12 sets out the duties of primary health care facility committees.

Clause 13 sets out the powers of primary health care facility committees.

Clause 14 provides for the alteration of the functions of a board or committee.

Clause 15 provides for the manner in which boards and committees must perform their duties and exercise their powers.

Clause 16 provides for measures for cooperation.

Clause 17 provides for the election of a chairperson and deputy chairperson of a board or committee.

Clause 18 provides for the secretarial, administrative and financial accounting support required by boards and committees and for the induction of members of boards and committees newly appointed to a first term of office.

Clause 19 provides for the scheduling of meetings of boards and committees.

Clause 20 provides for the procedure at meetings of boards and committees.

Clause 21 provides for the attendance of the public at meetings of boards and committees.

Clause 22 provides for the appointment of executive committees of boards and committees.

Clause 23 provides for the appointment of specialist committees of boards and committees.

Clause 24 provides for the raising and utilisation of funds by boards.

Clause 25 provides for travelling and other allowances in respect of board and committee members.

Clause 26 provides for the closure of a health facility.

Clause 27 provides for the limitation of liability of members.

Clause 28 provides for the making of regulations by the Provincial Minister.

Clause 29 provides for the delegation of powers and the assignment of duties.

Clause 30 provides for transitional provisions in respect of central hospitals.

Clause 31 provides for the repeal of the Western Cape Health Facility Boards Act, 2001 (Act 7 of 2001), and contains savings provisions.

Clause 32 provides for the short title and date of commencement.

4. FINANCIAL IMPLICATIONS

By nature, facility boards and committee members are volunteers. The Bill provides that the Department may from its funds reimburse members of a committee for travelling expenses as a result of attendance at meetings of the committee. In addition, the Bill provides that, where a hospital board has insufficient funds available, the Department may from its funds reimburse members of a board for travelling expenses incurred as a result of attendance at meetings of the board.

5. PERSONNEL IMPLICATIONS

The Department will be responsible for providing administrative support to the boards and committees. Considering the number of boards and committees, there is a likelihood that there will be significant additional demands placed on the administrative capacity of health facilities and their management.

6. CONSULTATION

The Department of the Premier: Legal Services

The Bill was advertised for public comment in *Provincial Gazette Extraordinary* 7392 on 15 May 2015, with a closing date for the submission of comments of 15 June 2015. A notice was subsequently published in the *Provincial Gazette* 7397 extending the closing date for the submission of comments until 31 July 2015.

7. LEGISLATIVE COMPETENCE

The Provincial Minister is satisfied that all the provisions of the Bill fall within the legislative competence of the Province.

WETSONTWERP

Om voorsiening te maak vir die instelling, werksaamhede en prosedures van rade wat vir hospitale ingestel is en komitees wat vir primêregesondheidsorg-fasiliteite ingestel is; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die Provinsiale Parlement van die Wes-Kaap, soos volg:—

Woordomskrywing

1. In hierdie Wet, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken—
 - “**bestaande sentralehospitaal-raad**” ’n raad wat kragtens die Wes-Kaapse Wet op Gesondheidsfasiliteitsrade vir ’n sentrale hospitaal aangestel is en onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet bestaan; 5
 - “**Departement**” die provinsiale departement verantwoordelik vir gesondheidsaangeleenthede in die Provinsie;
 - “**Departementshoof**” die hoof van die provinsiale departement verantwoordelik vir gesondheidsaangeleenthede in die Provinsie; 10
 - “**distriksgesondheidsbestuurder**” ’n distriksgesondheidsbestuurder soos omskryf in artikel 1 van die Wes-Kaapse Wet op Distriksgesondheidsrade, 2010 (Wet 5 van 2010);
 - “**distriksgesondheidsraad**” ’n distriksgesondheidsraad soos omskryf in artikel 1 van die Wes-Kaapse Wet op Distriksgesondheidsrade, 2010; 15
 - “**gesondheidsfasiliteit**” ’n hospitaal of ’n primêregesondheidsorg-fasiliteit;
 - “**hierdie Wet**” ook die regulasies;
 - “**hospitaal**” ’n gebou, inrigting of plek wat deur die Provinsiale Minister ingevolge artikel 3 as ’n hospitaal aangewys is; 20
 - “**Komitee**” ’n komitee wat ingevolge artikel 4(4) ingestel is;
 - “**lid**” ’n lid van ’n Raad of Komitee, na gelang van die geval;
 - “**Nasionale Gesondheidswet**” die “National Health Act, 2003” (Wet 61 van 2003);
 - “**nasionale Minister**” die nasionale Minister verantwoordelik vir gesondheidsaangeleenthede; 25
 - “**ouditeur**” ’n persoon geregistreer as ’n ouditeur ingevolge die “Auditing Profession Act, 2005” (Wet 26 van 2005);
 - “**primêregesondheidsorg-fasiliteit**” ’n gebou, inrigting of plek wat deur die Provinsiale Minister ingevolge artikel 3 as ’n primêregesondheidsorg-fasiliteit aangewys is; 30
 - “**Provinsiale Minister**” die Provinsiale Minister verantwoordelik vir gesondheidsaangeleenthede in die Provinsie;
 - “**Provinsie**” die Provinsie van die Wes-Kaap;
 - “**Raad**” ’n raad wat ingevolge artikel 4(1) ingestel is; 35
 - “**regulasie**” ’n regulasie wat kragtens hierdie Wet gemaak is;
 - “**sentrale hospitaal**” ’n hospitaal wat as sodanig aangewys is deur die nasionale Minister kragtens die Nasionale Gesondheidswet;
 - “**verteenwoordigende sentralehospitaal-raad**” ’n raad wat deur die nasionale Minister kragtens artikel 41(4) van die Nasionale Gesondheidswet aangestel is; 40
 - “**voorskryf**” voorskryf by regulasie;
 - “**Wes-Kaapse Wet op Gesondheidsfasiliteitsrade**” die Wes-Kaapse Wet op Gesondheidsfasiliteitsrade, 2001 (Wet 7 van 2001).

Oogmerke van Wet

2. Die oogmerke van hierdie Wet is om voorsiening te maak vir—
- (a) die instelling van verteenwoordigende en rekenpligtige Rade en Komitees as statutêre liggame;
 - (b) responsiwiteit van die bestuur van gesondheidsfasiliteite teenoor die 5
gemeenskap en die behoeftes van pasiënte en hul gesinne;
 - (c) gemeenskapsteun vir, en -betrokkenheid by, gesondheidsfasiliteite en hul programme;
 - (d) 'n basiese stel duidelik omskrewe werksaamhede vir Rade en Komitees, wat 10
toenemend uitgebrei kan word in die openbare belang namate die vermoë van 'n Raad of Komitee toeneem; en
 - (e) oorgangsbepalings vir bestaande sentralehospitaal-rade.

Aanwysing van hospitaal of primêregesondheidsorg-fasiliteit

3. (1) Met die doel van die instelling van 'n Raad of Komitee ingevolge hierdie Wet kan die Provinsiale Minister enige gebou, inrigting of plek waar persone behandeling, 15
diagnostiese of terapeutiese ingrypings of ander gesondheidsdienste ontvang, aanwys as 'n hospitaal of primêregesondheidsorg-fasiliteit.

(2) Die Provinsiale Minister kan 'n gebou, inrigting of plek wat deur 'n munisipaliteit geadminestreer word aldus aanwys as 'n hospitaal of primêregesondheidsorg-fasiliteit 20
slegs met die instemming van—

- (a) die Provinsiale Minister verantwoordelik vir plaaslike regering; en
- (b) die betrokke munisipaliteit.

Instelling van Rade en Komitees

4. (1) Die Provinsiale Minister moet 'n Raad instel vir elke hospitaal of groep 25
hospitale behalwe 'n sentrale hospitaal of 'n groep sentrale hospitale.

(2) Waar 'n Raad vir 'n groep hospitale ingestel word, moet die Provinsiale Minister die groep bepaal deur die volgende in ag te neem:

- (a) die geografiese afstand tussen die hospitale;
- (b) die grootte en verspreiding van die bevolking wat deur die hospitale bedien 30
word; en
- (c) die diensvolumes van die hospitale.

(3) 'n Raad is 'n regspersoon en is bevoeg om te dagvaar en gedagvaar te word en eiendom in sy eie naam te besit.

(4) Die Provinsiale Minister moet 'n Komitee instel vir—

- (a) elke primêregesondheidsorg-fasiliteit; of 35
- (b) 'n groep primêregesondheidsorg-fasiliteite, bepaal deur die Provinsiale Minister.

(5) Die maatstawwe en prosedures vir die groepering van primêregesondheidsorg-fasiliteite in die geval van 'n Komitee wat vir 'n groep primêregesondheidsorg-fasiliteite aangestel word, kan deur die Provinsiale Minister voorgeskryf word. 40

(6) 'n Komitee is nie 'n regspersoon nie en is nie bevoeg om te dagvaar of gedagvaar te word of eiendom te besit nie.

Aanstelling van lede van Raad

5. (1) Die Provinsiale Minister moet hoogstens 14 lede in 'n Raad aanstel, met 45
inbegrip van—

- (a) persone wat die gemeenskap of gemeenskappe verteenwoordig wat bedien 50
word deur die hospitaal waarvoor die Raad ingestel is, benoem ingevolge subartikel (4);
- (b) minstens een persoon met tegniese kundigheid oor die sakewêreld, die reg, finansies of rekeningkunde of 'n ander vakgebied van toepassing op die werksaamhede van die Raad;
- (c) die hoof van die betrokke hospitaal of, in die geval van 'n Raad wat vir meer as een hospitaal ingestel is, minstens een van die hoofde van daardie hospitale;
- (d) minstens een persoon wat die kliniese personeel van die betrokke hospitaal 55
verteenwoordig, benoem deur die kliniese personeel van die hospitaal, maar in die geval van 'n Raad wat vir meer as een hospitaal ingestel is, is dit nie

- nodig dat 'n persoon wat die kliniese personeel van elke betrokke hospitaal verteenwoordig, aangestel word nie;
- (e) minstens een persoon wat die niekliniese personeel van die betrokke hospitaal verteenwoordig, benoem deur die niekliniese personeel van die hospitaal, maar in die geval van 'n Raad wat vir meer as een hospitaal ingestel is, is dit nie nodig dat 'n persoon wat die niekliniese personeel van elke betrokke hospitaal verteenwoordig, aangestel word nie; en 5
- (f) in die geval van 'n Raad wat vir een of meer hospitale ingestel is waar gesondheidsberoepslui opgelei word, minstens een persoon wat die akademiese belange van elke betrokke hospitaal verteenwoordig, benoem deur die Visekanselier of Visekanseliers van die betrokke universiteit of universiteite. 10
- (2) Buiten die lede aangestel ingevolge subartikel (1) kan die Provinsiale Minister die volgende persone in 'n Raad aanstel—
- (a) 'n lid van die Provinsiale Parlement, benoem deur die parlementêre komitee betrokke by gesondheidsaangeleenthede; en 15
- (b) een of meer raadslede van die munisipale raad vir die munisipale gebied waarin die hospitaal geleë is, benoem deur die munisipale raad of 'n gesondheidsverwante komitee van die munisipale raad.
- (3) Die lede wat ingevolge subartikel (1)(a) aangestel word, moet minstens vyftig persent van die totale getal lede van die Raad uitmaak. 20
- (4) Die lede bedoel in subartikel (1)(a) moet deur 'n liggaam benoem word wat, na die mening van die Provinsiale Minister, verteenwoordigend genoeg van die belange van die betrokke gemeenskap of gemeenskappe is.
- (5) 'n Liggaam bedoel in subartikel (4)— 25
- (a) mag nie 'n politieke party wees nie;
- (b) kan die volgende wees, maar hoef dit nie te wees nie:
- (i) 'n gemeenskapsgesondheidskomitee of -forum;
- (ii) 'n gemeenskapsontwikkelingsforum;
- (iii) 'n burgerlike organisasie; 30
- (iv) 'n welsynsorganisasie;
- (v) 'n verteenwoordigende organisasie van pasiënte wat gesondheidsdienste of gesondheidsfasiliteite gebruik;
- (vi) 'n gemeenskapsgebaseerde organisasie;
- (vii) 'n nieregeringsorganisasie; of 35
- (viii) 'n verteenwoordigende organisasie van kinders, vroue, bejaardes, persone met gestremdhede of persone aan wie asiel verleen is.
- (6) Die Provinsiale Minister moet prosedures voorskryf vir die uitnodiging van benoemings beoog in subartikels (1)(a) en (4).
- (7) Waar benoemings ingevolge hierdie artikel vereis word, moet alle benoemings ontvang binne die voorgeskrewe tydperk deur die Provinsiale Minister oorweeg word voordat die tersaaklike aanstellings gemaak word. 40
- (8) Indien die Provinsiale Minister geen, of nie die vereiste hoeveelheid, benoemings ingevolge hierdie artikel ontvang nie, kan enige toepaslik gekwalifiseerde persoon as 'n lid aangestel word uit die tersaaklike kategorie vermeld in subartikel (1) of (2). 45
- (9) Die aanstellings in 'n Raad moet gedoen word met ras- en geslagsensitiwiteit en sensitiwiteit teenoor bejaardes en persone met gestremdhede.

Aanstelling van lede van Komitee

6. (1) Die Provinsiale Minister moet hoogstens 12 lede in 'n Komitee aanstel, met inbegrip van— 50
- (a) een of meer raadslede van die munisipale raad vir die munisipale gebied waarin die primêregesondheidsorg-fasiliteit geleë is, benoem deur die munisipale raad of 'n gesondheidsverwante komitee van die munisipale raad;
- (b) lede van die gemeenskap of gemeenskappe wat bedien word deur die primêregesondheidsorg-fasiliteit waarvoor die Komitee ingestel is, benoem ingevolge subartikel (3); 55
- (c) die hoof van die betrokke primêregesondheidsorg-fasiliteit of, in die geval van 'n Komitee wat vir meer as een primêregesondheidsorg-fasiliteit aangestel is, 'n bestuurder aangewys deur die distriksgesondheidsbestuurder.
- (2) Die lede wat ingevolge subartikel (1)(b) aangestel word, moet minstens vyftig persent van die totale getal lede van die Komitee uitmaak. 60

- (3) Die lede bedoel in subartikel (1)(b) moet deur 'n liggaam benoem word wat—
 (a) na die mening van die Provinsiale Minister, voldoende verteenwoordigend van die belange van die betrokke gemeenskap of gemeenskappe is;
 (b) nie 'n politieke party is nie, maar 'n liggaam bedoel in artikel 5(5)(b) kan wees, maar hoef nie te wees nie. 5
- (4) Die Provinsiale Minister kan prosedures voorskryf vir die uitnodiging van benoemings beoog in subartikels (1)(b) en (3).
- (5) Waar benoemings ingevolge subartikel (1)(b) en (3) vereis word, moet alle benoemings ontvang binne die voorgeskrewe tydperk deur die Provinsiale Minister oorweeg word voordat die tersaaklike aanstellings gemaak word. 10
- (6) Indien die Provinsiale Minister geen, of nie die vereiste hoeveelheid, benoemings ingevolge paragraaf (b) van subartikel (1) ontvang nie, kan enige toepaslik gekwalifiseerde persone as lede aangestel word uit die kategorie vermeld in daardie paragraaf.

Benoembaarheid vir aanstelling as 'n lid 15

7. (1) Om vir aanstelling as 'n lid te kwalifiseer, moet 'n persoon—
 (a) 'n Suid-Afrikaanse burger wees;
 (b) ouer as 18 jaar wees;
 (c) nie 'n ongerehabiliteerde insolvent wees nie;
 (d) nie, te eniger tyd, skuldig bevind gewees het nie aan— 20
 (i) 'n oortreding waarvoor hy of sy tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete gevonnissen is; of
 (ii) diefstal, bedrog, vervalsing, die in omloop bring van 'n vervalste dokument, meened, enige misdryf ingevolge die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede, 2004 (Wet 12 van 2004), of 25
 enige misdryf waarvan oneerlikheid 'n element is, hetsy in die Republiek of elders indien die optrede wat die oortreding uitmaak 'n oortreding in die Republiek sal wees;
 (e) toewyding tot gemeenskapsdiens toon;
 (f) steun vir die missie en waardes van die betrokke gesondheidsfasiliteit toon; en 30
 (g) 'n hoë vlak van persoonlike integriteit en eerlikheid toon.

Ampstermyn van lede

8. (1) Lede word vir 'n tydperk van drie jaar aangestel.
 (2) By verstryking van die ampstermyn van 'n lid, kan daardie lid in die amp bly totdat 'n opvolger aangestel is, maar nie vir langer as ses maande nie. 35
 (3) Behoudens subartikel (4) is 'n lid by verstryking van sy of haar ampstermyn heraanstelbaar in 'n Raad of Komitee.
 (4) 'n Lid, behalwe 'n lid wat ingevolge artikel 5(1)(c) of 6(1)(c) aangestel is, mag nie vir langer as twee opeenvolgende termyne in 'n Raad of Komitee dien nie.
 (5) Ondanks subartikel (4) kan 'n lid wat vir twee opeenvolgende termyne gedien het, 40
 heraanstellings word indien daar, na die mening van die Provinsiale Minister, buitengewone omstandighede vir heraanstelling bestaan of, in die afwesigheid van buitengewone omstandighede, na 'n onderbreking van nie minder as een jaar nie.

Vakatures

9. (1) Die voorsitter van 'n Raad of Komitee moet 'n amp in die Raad of Komitee 45
 onmiddellik op skrif vakant verklaar indien 'n lid—
 (a) sterf;
 (b) sy of haar bedanking uit die amp skriftelik by die voorsitter indien;
 (c) insolvent verklaar word deur 'n hof van die Republiek;
 (d) gedurende sy of haar ampstermyn skuldig bevind word aan— 50
 (i) 'n oortreding en gevonnissen word tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete; of
 (ii) diefstal, bedrog, vervalsing, die in omloop bring van 'n vervalste dokument, meened, enige misdryf ingevolge die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede, 2004 (Wet 12 van 2004), of 55
 enige misdryf waarvan oneerlikheid 'n element is,

hetsy in die Republiek of elders indien die optrede wat die oortreding uitmaak 'n oortreding in die Republiek sal wees;

- (e) sonder verlof van die voorsitter van die Raad of Komitee afwesig is van drie opeenvolgende gewone vergaderings van die Raad of Komitee;
- (f) geskors of uit die amp verwyder is kragtens artikel 24(12)(b);
- (g) ophou om enige amp te beklee uit hoofde waarvan daardie lid in die Raad of Komitee aangestel is; of
- (h) versuim om aan die Raad of Komitee enige direkte of indirekte persoonlike finansiële belang in 'n aangeleentheid voor die Raad of Komitee bekend te maak, en daardie lid teenwoordig is gedurende, of deelneem aan, die bespreking van of stemmery oor, daardie aangeleentheid.

(2) Indien 'n lid van 'n Raad of Komitee voortdurend vergaderings van die Raad of Komitee ontwrig of versuim om sy of haar pligte te goeder trou of eerlik uit te voer, kan die Provinsiale Minister 'n ondersoek instel na die aangeleentheid en, indien daar voldoende gronde gevind word, daardie lid uit sy of haar amp verwyder en sy of haar amp vakant verklaar.

(3) Die voorsitter moet binne sewe dae vandat 'n amp ingevolge subartikel (1) vakant verklaar is die Provinsiale Minister skriftelik van die vakature in kennis stel.

(4) By ontvangs van kennisgewing van 'n vakature ingevolge subartikel (3) of by die verwydering van 'n lid kragtens subartikel (2) moet die Provinsiale Minister 'n ander persoon aanstel om die vakature te vul vir die onverstreke ampstermyn van die vorige ampsbekleër en, vir die toepassing van artikel 8(4), maak die onverstreke termyn 'n ampstermyn uit.

(5) Vir 'n aanstelling beoog in subartikel (4) moet die Provinsiale Minister dieselfde maatstawwe toepas wat vir die aanstelling van die uittredende lid gebruik is.

(6) In die geval dat 'n Raad versuim om ses vergaderings in 'n kalenderjaar te hou, of 'n Komitee versuim om vier vergaderings in 'n kalenderjaar te hou, kan die Provinsiale Minister die betrokke Raad of Komitee wanfunksioneel verklaar en 'n nuwe Raad ingevolge artikel 5 of 'n nuwe Komitee ingevolge artikel 6 aanstel.

Pligte van Rade

10. (1) 'n Raad moet, ten opsigte van elke hospitaal waarvoor hy ingestel is—

- (a) deelneem aan strategiese beplanning met die doel om die hospitaalbestuur van raad te bedien;
- (b) die prestasie, doeltreffendheid en doelmatigheid van die hospitaal en maatreëls wat deur die hospitaalbestuur getref word om die prestasie en gehalte van diens van die hospitaal te verbeter, monitor;
- (c) maatreëls tref om toe te sien dat die behoeftes, kwellinge en klagtes van pasiënte en die gemeenskap behoorlik deur die hospitaalbestuur aangepak word;
- (d) gemeenskapsteun vir die hospitaal bevorder;
- (e) vrywilligers aanmoedig om hul dienste aan te bied om algemene pligte vir die hospitaal uit te voer ooreenkomstig die toepaslike beleid oor vrywilligers;
- (f) minstens een keer 'n jaar die finansiële state en jaarlikse finansiële state van die hospitaal aanvra en hersien;
- (g) fondse vir die funksionering van die Raad insamel; en
- (h) op redelike tye en in samewerking met die hospitaalbestuur, geskeduleerde besoeke aan die hospitaal aflê, sonder om die funksionering daarvan te belemmer, en konstruktiewe skriftelike terugvoering oor sodanige besoeke aan die bestuur verskaf.

(2) 'n Raad moet fondse ingesamel deur 'n Komitee waarvoor hy ingevolge artikel 18(6) aangewys is tot voordeel van die betrokke primêregesondheidsorg-fasiliteit of die funksionering van die Komitee in ontvangs neem, administreer en van rekenskap gee, op die wyse voorgeskryf deur die Provinsiale Minister.

Bevoegdhede van Rade

11. 'n Raad kan, ten opsigte van 'n hospitaal waarvoor hy ingestel is—

- (a) raad gee en aanbevelings maak aan die Provinsiale Minister, die hospitaalbestuur, die Departementshoof of die betrokke munisipaliteit, na gelang van die geval, oor enige aangeleentheid wat met die verrigting van die Raad se werksaamhede verband hou;

- (b) raad gee en aanbevelings maak aan die Provinsiale Minister of die betrokke munisipaliteit, na gelang van die geval, oor die benaming of herbenaming van die hospitaal of 'n deel daarvan, met inbegrip van 'n saal of teater;
- (c) inligting bekom wat hy van die hospitaalbestuur nodig, indien die inligting nie die regte van 'n pasiënt of personeellid tot privaatheid en vertroulikheid skend nie; 5
- (d) afskrifte van gegeneerde roetine-vorderingsverslae by die hospitaalbestuur aanvra;
- (e) opnames, vergaderings en raadplegende werksinkels in die betrokke gemeenskap of gemeenskappe hou; 10
- (f) inligting aan die betrokke gemeenskap of gemeenskappe versprei oor die missie, visie, waardes, dienste, prestasie, standaard, beleid, strategieë, behoeftes en finansiële status van die hospitaal;
- (g) personeel op kontrak aanstel om die doeleindes van die Raad te dien;
- (h) fondse of roerende eiendom skenk vir die verskaffing, verbetering of uitbreiding van dienste en geriewe, of fondse skenk vir die verkryging van roerende of onroerende bates tot voordeel van die hospitaal, op die wyse voorgeskryf deur die Provinsiale Minister; en 15
- (i) trustfondse of Raadfondse insamel en administreer vir die doeleindes bedoel in paragraaf (g) of (h), of om uitvoering te gee aan enige ander bepaling van hierdie Wet. 20

Pligte van Komitees

12. 'n Komitee moet, ten opsigte van elke primêregesondheidsorg-fasiliteit waarvoor hy ingestel is—

- (a) terugvoering versoek oor maatreëls wat deur die bestuur van die primêregesondheidsorg-fasiliteit getref is om die gehalte van diens by die fasiliteit te verbeter; 25
- (b) die gemeenskap bystaan om sy behoeftes, kwellinge en klagtes doeltreffend aan die bestuur van die primêregesondheidsorg-fasiliteit te kommunikeer sodat die behoeftes, kwellinge en klagtes toepaslik aangepak kan word; 30
- (c) gemeenskapsteun vir die primêregesondheidsorg-fasiliteit bevorder;
- (d) op redelike tye en in samewerking met die bestuur van die primêregesondheidsorg-fasiliteit geskeduleerde besoeke aan die fasiliteit aflê, sonder om die funksionering daarvan te belemmer, en konstruktiewe skriftelike terugvoer op sodanige besoeke aan die bestuur verskaf; 35
- (e) vrywilligers aanmoedig om hul dienste aan te bied om algemene pligte uit te voer ten opsigte van die primêregesondheidsorg-fasiliteit ooreenkomstig die toepaslike beleid oor vrywilligers; en
- (f) konstruktiewe terugvoer verskaf aan die bestuur van die primêregesondheidsorg-fasiliteit ten einde dienslewering te verbeter. 40

Bevoegdhe van Komitees

13. (1) 'n Komitee kan, ten opsigte van 'n primêregesondheidsorg-fasiliteit waarvoor hy ingestel is—

- (a) opnames maak en vergaderings en raadplegende werksinkels in die betrokke gemeenskap of gemeenskappe hou; 45
- (b) inligting aan die betrokke gemeenskap of gemeenskappe versprei oor die missie, visie, waardes, dienste, prestasie, standaard, beleid, strategieë, behoeftes en finansiële status van die primêregesondheidsorg-fasiliteit;
- (c) raad gee en aanbevelings maak aan die Provinsiale Minister, die bestuur van die primêregesondheidsorg-fasiliteit, die Departementshoof of die betrokke munisipaliteit, na gelang van die geval, oor enige aangeleentheid wat met die verrigting van die Komitee se werksaamhede verband hou; 50
- (d) inligting bekom wat hy van die bestuur van die primêregesondheidsorg-fasiliteit nodig indien die inligting nie die regte van 'n pasiënt of personeellid tot privaatheid en vertroulikheid skend nie; 55
- (e) afskrifte van gegeneerde roetine-vorderingsverslae by die bestuur van die primêregesondheidsorg-fasiliteit aanvra; en
- (f) fondsinsamelingsbedrywighede tot voordeel van die primêregesondheidsorg-fasiliteit en die funksionering van die Komitee hou.

- (2) Alle fondse wat deur 'n Komitee ingesamel is—
- (a) moet betaal word aan, en geadministreer word en van rekenskap gegee word deur, die Raad wat ingevolge artikel 18(6) deur die Departementshoof aangewys is, op die voorgeskrewe wyse;
 - (b) kan gebruik word slegs tot voordeel van die betrokke primêregesondheidsorg-fasiliteit of -fasiliteite of vir die funksionering van die Komitee. 5
- (3) Roerende eiendom wat aan die Komitee geskenk is, moet by ontvangs aan die betrokke primêregesondheidsorg-fasiliteit toegewys word, en die fasiliteit moet daarvan rekenskap gee ooreenkomstig die bate- en inventarisbestuursbeleid van toepassing op die fasiliteit. 10

Verandering van werksaamhede van Raad of Komitee

14. (1) Behoudens subartikel (4) en enige ander wet kan die Provinsiale Minister in oorleg met 'n Raad of Komitee daardie Raad of Komitee magtig om bykomende pligte uit te voer of bykomende bevoegdhede uit te oefen indien die Provinsiale Minister rede het om te glo dat— 15
- (a) die Raad of Komitee die vermoë het om daardie bykomende pligte uit te voer of daardie bykomende bevoegdhede uit te oefen; en
 - (b) dit in die openbare belang sal wees vir die Raad of Komitee om dit te doen.
- (2) Die Provinsiale Minister kan na oorleg met 'n Raad of Komitee die gesag wat ingevolge subartikel (1) aan daardie Raad of Komitee gegee is om 'n bykomende plig uit te voer of 'n bykomende bevoegdheid uit te oefen, intrek indien die Provinsiale Minister rede het om te glo dat— 20
- (a) die Raad of Komitee nie meer die vermoë het om daardie bykomende plig uit te voer of daardie bykomende bevoegdheid uit te oefen nie; of
 - (b) dit in die openbare belang sal wees vir die Provinsiale Minister om dit te doen. 25
- (3) Die Provinsiale Minister kan na oorleg met 'n Raad of Komitee—
- (a) daardie Raad of Komitee vrystel van die uitvoering van 'n plig wat by artikel 10 of 12 opgelê is; of
 - (b) 'n bevoegdheid intrek wat by artikel 11 of 13 aan die Raad of Komitee verleen is. 30
- (4) Wanneer die Provinsiale Minister 'n bevoegdheid beoog in subartikel (1), (2) of (3) uit te oefen, moet die Provinsiale Minister na oorleg met die hoof of hoofde van die betrokke gesondheidsfasiliteit of -fasiliteite handel.

Uitvoering van pligte en uitoefening van bevoegdhede

15. (1) By die uitvoering van sy pligte of uitoefening van sy bevoegdhede moet 'n Raad of Komitee handel ooreenkomstig die tersaaklike en toepaslike wette en beleid wat deur die nasionale, provinsiale of plaaslike regering gemaak is. 35
- (2) Die Departementshoof kan 'n Raad of Komitee versoek om 'n kwartaallikse verslag van sy bedrywighede te verskaf.
- (3) Die voorsitter van 'n Raad of Komitee moet binne twee maande voor die einde van elke kalenderjaar 'n skriftelik verslag by die Provinsiale Minister indien oor die bedrywighede van die Raad of Komitee gedurende daardie jaar. 40

Maatreëls vir samewerking

16. (1) Die Provinsiale Minister kan maatreëls tref om samewerkende werksbetrekkings tussen Rade, Komitees en distriksgesondheidsrade te verseker. 45
- (2) 'n Raad of Komitee moet sterk en samewerkende betrekkinge smee met die bestuur van die gesondheidsfasiliteit wat hy bedien.
- (3) Die hoof van 'n gesondheidsfasiliteit moet—
- (a) maatreëls tref om die Raad of Komitee by te staan in die uitvoering van sy pligte en die uitoefening van sy bevoegdhede; en 50
 - (b) sterk en samewerkende betrekkinge met die Raad of Komitee smee.
- (4) Indien onversoenlike verskille tussen die bestuur van 'n gesondheidsfasiliteit en die betrokke Raad of Komitee ontstaan, kan die Raad of Komitee of die hoof van die gesondheidsfasiliteit bemiddeling of arbitrasie deur die Departementshoof aanvra.

Voorsitter en ondervoorsitter

17. (1) 'n Raad of Komitee moet, vanuit die lede bedoel in artikel 5(1)(a), 5(1)(b) of 6(1)(b), na gelang van die geval, 'n voorsitter en 'n ondervoorsitter verkies—
- (a) by sy eerste vergadering; en
 - (b) daarna, wanneer ook al die een of die ander amp vakant word. 5
- (2) 'n Werknemer van die Departement mag nie die voorsitter van 'n Raad wees nie.
- (3) Die voorsitter en die ondervoorsitter word vir 'n tydperk van een jaar verkies.
- (4) Binne 14 dae vanaf die verkiesing van 'n voorsitter of ondervoorsitter ingevolge subartikel (1) moet die voorsitter die Departementshoof skriftelik in kennis stel van die naam en adres van die betrokke ampsbekleër. 10
- (5) Wanneer die voorsitter afwesig is van 'n vergadering van die Raad of Komitee of nie beskikbaar is nie, neem die ondervoorsitter as voorsitter waar.
- (6) Indien beide die voorsitter en ondervoorsitter afwesig is van 'n vergadering van die Raad of Komitee moet die teenwoordige lede een onder hulle verkies om as voorsitter vir daardie vergadering waar te neem. 15
- (7) Die voorsitter van 'n Raad is die rekenpligtige beampte vir daardie Raad en het die bevoegdheids en pligte voorgeskryf deur die Provinsiale Minister.

Algemene steun

18. (1) Die hospitaal waarvoor 'n Raad ingestel is, moet 'n lokaal vir die Raad asook die sekretariële, administratiewe en finansiële rekeningkundige steun verskaf wat die Raad benodig. 20
- (2) Indien 'n Raad vir meer as een hospitaal ingestel word, moet 'n lokaal en die sekretariële, administratiewe en finansiële rekeningkundige steun wat die Raad benodig deur een of meer van die hospitale verskaf word, soos bepaal—
- (a) by ooreenkoms tussen die hoofde van die betrokke hospitale; of 25
 - (b) deur die Departementshoof, in die afwesigheid van sodanige ooreenkoms.
- (3) Ondanks subartikels (1) en (2) kan 'n Raad uit sy fondse op die wyse voorgeskryf deur die Provinsiale Minister alternatiewe reëlings tref vir die verskaffing van 'n lokaal asook sekretariële, administratiewe en finansiële rekeningkundige steun.
- (4) Die primêregesondheidsorg-fasiliteit of -fasiliteite waarvoor 'n Komitee ingestel is, moet 'n lokaal vir die Komitee en, so ver as moontlik, die sekretariële, administratiewe en finansiële rekeningkundige steun wat die Komitee benodig, verskaf. 30
- (5) Indien 'n Komitee vir meer as een primêregesondheidsorg-fasiliteit ingestel is, moet 'n lokaal en, so ver as moontlik, sekretariële, administratiewe en finansiële rekeningkundige steun benodig deur die Komitee deur een of meer van die primêregesondheidsorg-fasiliteite verskaf word, soos bepaal— 35
- (a) by ooreenkoms tussen die hoofde van die betrokke primêregesondheidsorg-fasiliteite; of
 - (b) deur die Departementshoof, in die afwesigheid van sodanige ooreenkoms.
- (6) Die Departementshoof moet 'n Raad vir elke Komitee aanwys met die doel om die fondse ingesamel deur 'n Komitee in ontvangs te neem, te administreer en van rekenskap te gee. 40
- (7) 'n Raad aangewys ingevolge subartikel (6) moet die fondse ingesamel deur die Komitee ontvang, administreer en van rekenskap gee op die voorgeskrewe wyse.
- (8) Die Departement moet voorsiening maak vir die inlywing en opleiding van lede wat nuut aangestel is in 'n eerste ampstermyn. 45

Skedulering van vergaderings

19. (1) Die Departementshoof moet die tyd en plek vir die eerste vergadering van 'n Raad of Komitee bepaal.
- (2) 'n Raad of Komitee moet die tyd en plek van daaropvolgende gewone vergaderings bepaal, wat in die geval van 'n Raad minstens een keer elke twee maande en ses keer per kalenderjaar moet plaasvind en, in die geval van 'n Komitee, minstens een keer elke drie maande en vier keer per kalenderjaar. 50
- (3) Die voorsitter kan te eniger tyd 'n spesiale vergadering belê en moet dit doen indien skriftelik versoek deur minstens twee lede van die Raad of Komitee en die voorsitter tevrede is dat die versoek redelik is. 55
- (4) Die voorsitter moet lede van die tyd, plek en rede vir 'n spesiale vergadering in kennis stel minstens drie werksdae voor die vergadering, behalwe waar 'n korter

kennisgewingtydperk genoodsaak word deur die uitsonderlike dringendheid van die omstandighede.

Prosedure by vergaderings

20. (1) Die prosedure by 'n vergadering van 'n Raad of Komitee moet, vir sover dit nie voorgeskryf is nie, deur die Raad of Komitee bepaal word. 5

(2) 'n Kworum van minstens een helfte van die lede aangestel ingevolge artikel 5(1)(a) of 6(1)(b) en een helfte van die ander lede aangestel ingevolge artikel 5(1) en (2) of 6(1), na gelang van die geval, moet te eniger tyd by 'n vergadering teenwoordig wees.

(3) 'n Besluit van 'n Raad of Komitee behoort deur eenparigheid te wees, maar by gebrek aan eenparigheid is die besluit van 'n meerderheid van die lede teenwoordig by die vergadering die besluit van die Raad of Komitee. 10

(4) In die geval van 'n staking van stemme oor enige aangeleentheid het die voorsitter by die vergadering 'n beslissende stem en 'n beraadslagende stem.

(5) 'n Raad kan enige persoon versoek of toelaat om in 'n raadgewende hoedanigheid aan 'n vergadering van die Raad deel te neem. 15

(6) Die voorsitter moet toesien dat—

(a) daar behoorlike rekord gehou word van bywoning van, die notule van, en besluite aangeneem by, elke vergadering; en

(b) 'n afskrif van 'n rekord bedoel in paragraaf (a), onderteken deur die voorsitter, na die Departementshoof gestuur word indien die Departementshoof dit versoek. 20

Openbare bywoning by vergaderings

21. (1) Behoudens subartikel (2) is alle vergaderings van 'n Raad of Komitee oop vir lede van die publiek.

(2) Indien 'n Raad of Komitee op redelike gronde besluit dat lede van die publiek nie teenwoordig behoort te wees by 'n vergadering terwyl 'n bepaalde kwessie bespreek word nie moet die voorsitter die publiek vir die duur van daardie bespreking uit die vergadering uitsluit. 25

(3) 'n Raad of Komitee kan enige redelike middele gebruik om lede van die publiek van vergaderings van Raad of Komitees in kennis te stel. 30

Uitvoerende komitee

22. (1) 'n Raad of Komitee kan 'n uitvoerende komitee aanstel wat uit lede van die Raad of Komitee bestaan, waarvan minstens die helfte lede moet wees wat ingevolge artikel 5(1)(a) aangestel is in die geval van 'n Raad en artikel 6(1)(b) in die geval van 'n Komitee. 35

(2) Behoudens die opdragte van 'n Raad of Komitee en subartikels (3) en (4), kan 'n uitvoerende komitee tussen vergaderings van die Raad of Komitee alle pligte uitvoer en bevoegdhede uitoefen van die Raad of Komitee.

(3) 'n Uitvoerende komitee het nie die bevoegdheid om 'n besluit van die Raad of Komitee te hersien of te verander nie, behalwe vir sover die Raad of Komitee anders opdrag gee. 40

(4) Enige handeling wat verrig of besluit wat geneem is deur 'n uitvoerende komitee kan by die eerste vergadering van die Raad of Komitee wat volg op die handeling of besluit hersien en verander word deur die Raad of Komitee, sonder benadeling van enige persoon. 45

Spesialiskomitees

23. (1) 'n Raad of Komitee kan spesialiskomitees aanstel wat uit lede van die Raad of Komitee bestaan om namens die Raad of Komitee sekere pligte uit te voer of sekere bevoegdhede uit te oefen.

(2) Waar uitvoerende bevoegdheid aan 'n spesialiskomitee gedelegeer word, moet daar oor die mandaat, opdrag, prosedure en kworums van die spesialiskomitee ooreengekom word en moet dit deur die Raad of Komitee aangeteken word. 50

(3) 'n Spesialiskomitee van 'n Raad kan 'n persoon of persone wat nie in die Raad dien nie koöpteer om in 'n raadgewende hoedanigheid in die spesialiskomitee te dien.

(4) Enige handeling verrig of besluit geneem deur 'n spesialiskomitee kan by die eerste vergadering van die Raad of Komitee na daardie handeling of besluit deur die Raad of Komitee hersien en verander word, sonder benadeling van enige persoon.

Insameling en aanwending van fondse van Raad

24. (1) 'n Raad kan dienste, fondse, of eiendom ontvang met die doel om sy werksaamhede te verrig. 5

(2) 'n Raad kan fondse, eiendom of toerusting wat aan hom behoort, aanwend vir die doel om sy werksaamhede te verrig.

(3) 'n Raad kan 'n trust instel tot voordeel van 'n hospitaal wat deur hom bedien word en kan 'n trust aanvaar en administreer wat reeds ingestel is tot voordeel van 'n hospitaal wat deur hom bedien word. 10

(4) 'n Raad moet rekord hou van alle fondse deur hom ontvang en bestee en van sy bates, laste en transaksies.

(5) 'n Raad moet jaarliks, binne twee maande voor die einde van sy boekjaar, sy finansiële state vir daardie jaar by die Departementshoof indien, saamgestel volgens die verslagdoeningsraamwerk bepaal deur die Provinsiale Minister in oorleg met die Provinsiale Minister verantwoordelik vir finansies. 15

(6) 'n Ouditeur wat deur die Raad aangestel is, moet, behoudens subartikel (7), die rekords en jaarlikse finansiële state van die Raad ouditeer en moet binne twee maande vanaf ontvangs van die state bedoel in subartikel (5) 'n auditverslag by die Departementshoof en die Raad indien. 20

(7) Die Provinsiale Minister kan, na oorleg met die Departementshoof, bepaal dat 'n Raad daarvan vrygestel is om geouditeer te word.

(8) Die Provinsiale Minister moet die volgende oorweeg wanneer 'n bepaling ingevolge subartikel (7) gemaak word: 25

(a) of die totale batewaarde, met inbegrip van beleggings van die Raad, in die vorige boekjaar R5 000 000 oorskry het;

(b) die finansiële state van die Raad in die vorige boekjaar; en

(c) of die Raad in die vorige boekjaar aan sy pligte ingevolge hierdie Wet voldoen het. 30

(9) Waar die Provinsiale Minister 'n Raad ingevolge subartikel (7) vrygestel het, moet die Raad nietemin finansiële state by die Departementshoof indien wat saamgestel is volgens die verslagdoeningsraamwerk bepaal deur die Provinsiale Minister in oorleg met die Provinsiale Minister verantwoordelik vir finansies. 35

(10) Die Provinsiale Minister kan vereis dat 'n Raad wat ingevolge subartikel (7) vrygestel is, geouditeer word soos uiteengesit in subartikel (6).

(11) Die boekjaar van 'n Raad is 'n jaar wat op 31 Maart eindig.

(12) Indien 'n Raad versuim om aan subartikel (5) of (9) te voldoen, of in die geval van enige finansiële wanbestuur deur 'n Raad, kan die Provinsiale Minister redelike regstellende stappe doen wat hy of sy nodig ag, met inbegrip van— 40

(a) die aanstelling van 'n administrateur om die finansiële sake of bedryfsfunksies van die Raad te administreer;

(b) die skorsing of verwydering van Raadslede uit hul amp; en

(c) die verandering van die pligte en bevoegdhede van die Raad, ondanks artikel 14. 45

(13) Voordat die Provinsiale Minister enige regstellende stappe beoog in subartikel (12) doen, moet die Departementshoof aan die Raad 'n voldoeningskennisgewing, en afskrifte daarvan aan sy lede, uitreik wat die volgende uiteensit:

(a) 'n beskrywing van die oortreding wat die nievoldoening uitmaak; 50

(b) die stappe wat die Raad moet doen en die tydperk waarbinne daardie stappe gedoen moet word om die oortreding reg te stel; en

(c) 'n kennisgewing aan die Raad dat indien hy versuim om enige stappe bedoel in paragraaf (b) te doen, die Departementshoof die nievoldoening na die Provinsiale Minister moet verwys om ingevolge subartikel (12) regstellende stappe te doen. 55

(14) Indien die Raad binne die tydperk vermeld in die voldoeningskennisgewing aan die stappe bedoel in subartikel (13)(b) voldoen, moet die Departementshoof die Raad skriftelik in kennis stel van sy voldoening aan die bepalings van die voldoeningskennisgewing. 60

- (15) Indien die Raad versuim om binne die tydperk vermeld in die voldoeningskennisgewing aan enige of alle stappe bedoel in subartikel (13)(b) te voldoen—
- (a) moet die Departementshoof, by verstryking van die tydperk vermeld in die voldoeningskennisgewing, die Provinsiale Minister skriftelik in kennis stel van die nievoldoening of gedeeltelike voldoening deur die Raad; en 5
 - (b) moet die Provinsiale Minister binne 30 dae van ontvangs van 'n mededeling oor nievoldoening of gedeeltelike voldoening die Raad skriftelik in kennis stel van sy nievoldoening of gedeeltelike voldoening aan die bepalings van die voldoeningskennisgewing. 10
- (16) Die kennisgewing beoog in subartikel (15)(b) moet die volgende vermeld:
- (a) die voorgestelde regstellende stappe wat ingevolge subartikel (12) gedoen moet word; en
 - (b) dat die Raad daarop geregtig is om binne 14 dae van ontvangs van die kennisgewing rakende die voorgestelde regstellende stappe skriftelike versoë aan die Provinsiale Minister te rig. 15
- (17) By verstryking van die 14 dae beoog in subartikel (16)(b), of die Provinsiale Minister enige skriftelike versoë van die Raad ontvang het al dan nie, kan die Provinsiale Minister, na behoorlike oorweging van alle tersaaklike feite, met inbegrip van die Raad se gedeeltelike voldoening aan die bepalings van die voldoeningskennisgewing en enige skriftelike versoë deur die Raad, die voorgestelde regstellende stappe doen. 20
- (18) Indien 'n administrateur ingevolge subartikel (12)(a) aangestel word, moet hy of sy—
- (a) binne ses maande van sy of haar aanstelling die Departementshoof voorsien van 'n verslag van die finansiële sake van die Raad en enige vermoedelike oortreding van 'n wetlike bepaling of onwettige handeling wat deur die Raad gepleeg is; 25
 - (b) daarna, in oorleg met die Departementshoof, 'n herstelplan vir die Raad voorberei; en
 - (c) by voltooiing van die implementering van die herstelplan, of by versuim om die herstelplan te implementeer— 30
 - (i) indien nodig, aan die Provinsiale Minister en Departementshoof 'n verlenging van die herstelplan vir 'n tydperk van hoogstens ses maande aanbeveel; of
 - (ii) die Provinsiale Minister en Departementshoof voorsien van 'n finale verslag van die finansiële sake van die Raad en enige vermoedelike oortreding van 'n wetlike bepaling of onwettige handeling wat deur die Raad gepleeg is. 35
- (19) Die Provinsiale Minister kan, na oorleg met die Departementshoof en by ontvangs van die finale verslag beoog in subartikel (18)(c)(ii), bepaal dat— 40
- (a) die Raad in staat is om sy eie finansiële sake te administreer; of
 - (b) die Raad in staat is om sy eie finansiële sake te administreer met die bystand van 'n administrateur aangestel deur die Provinsiale Minister op sodanige verdere bepalings en voorwaardes soos bepaal deur die Provinsiale Minister.
- (20) Voordat die Provinsiale Minister 'n bepaling ingevolge subartikel (19)(b) maak, moet hy of sy die Raad skriftelik in kennis stel van sy of haar voorneme om so 'n bepaling te maak. 45
- (21) Die kennisgewing beoog in subartikel (20) moet die volgende vermeld:
- (a) die bepaling wat die Provinsiale Minister van voorneme is om te maak; en
 - (b) dat die Raad daarop geregtig is om binne 14 dae van ontvangs van die kennisgewing skriftelike versoë rakende die voorgestelde bepaling aan die Provinsiale Minister te rig. 50
- (22) By verstryking van die 14 dae beoog in subartikel (21)(b), of die Provinsiale Minister enige skriftelike versoë van die Raad ontvang het al dan nie, kan die Provinsiale Minister, na behoorlike oorweging van alle tersaaklike feite, met inbegrip van enige versoë deur die Raad, die voorgestelde bepaling maak. 55

Reis- en ander toelae

25. (1) Behoudens tariewe wat deur die Provinsiale Minister in oorleg met die Provinsiale Minister verantwoordelik vir finansies vasgestel word, kan 'n Raad uit sy fondse 'n lid van die Raad wat ingevolge artikel 5(1)(a) en (b) aangestel is, 'n raadgewer 60

ingevolge artikel 20(5) of enige persoon wat gekoöpteer is om ingevolge artikel 23(3) in 'n spesialiskomitee te dien, vergoed vir—

- (a) vervoeruitgawes tussen daardie lid, raadgewer of persoon se normale woon- of werkplek en die plek van 'n vergadering van die Raad of die betrokke spesialiskomitee; en 5
- (b) reis- en verblyfuitgawes wat aangegaan is as gevolg van bywoning van konferensies, seminare of opleidingskursusse of ander sake van die Raad, maar in die geval van konferensies, seminare en opleidingskursusse buite die Republiek moet die skriftelike goedkeuring van die Provinsiale Minister vooraf bekom word. 10

(2)(a) 'n Raad mag nie sy lede vergoed vir tyd wat aan Raadsake bestee is nie.

(b) Behoudens tariewe wat deur die Provinsiale Minister in oorleg met die Provinsiale Minister verantwoordelik vir finansies vasgestel word, kan 'n Raad uit sy fondse 'n raadgewer ingevolge artikel 20(5) of 'n persoon wat gekoöpteer is om ingevolge artikel 23(3) in 'n spesialiskomitee van die Raad te dien, vergoed vir tyd wat aan Raadsake bestee is. 15

(3)(a) 'n Lid van 'n Komitee is nie geregtig op vergoeding vir tyd wat op Komiteesake bestee is nie.

(b) Behoudens tariewe wat deur die Provinsiale Minister in oorleg met die Provinsiale Minister verantwoordelik vir finansies vasgestel word, kan die Departement uit sy fondse 'n lid van 'n Komitee wat ingevolge artikel 6(1)(b) aangestel is, vergoed vir reisuittgawes wat as gevolg van bywoning van vergaderings van die Komitee aangegaan is. 20

(4) In die geval dat die Raad onvoldoende beskikbare fondse het, en behoudens tariewe wat deur die Provinsiale Minister in oorleg met die Provinsiale Minister verantwoordelik vir finansies vasgestel word, kan die Departement uit sy fondse 'n lid van 'n Raad wat ingevolge artikels 5(1)(a) of (b) aangestel is, vergoed vir die vervoeruitgawes beoog in subartikel (1)(a). 25

Sluiting van gesondheidsfasiliteit

26. (1) In die geval van die sluiting van 'n gesondheidsfasiliteit waarvoor 'n Raad of Komitee ingestel is, moet die Departementshoof minstens drie maande voor die sluiting en na oorleg met daardie Raad of Komitee, die Raad of Komitee skriftelik opdrag gee rakende— 30

- (a) in die geval van 'n Raad of Komitee wat slegs vir daardie gesondheidsfasiliteit ingestel is, die voorgenome sluiting van daardie fasiliteit en die ontbinding van die Raad of Komitee en, in die geval van 'n Raad, enige trust wat moontlik deur die Raad ingestel is; 35
- (b) in die geval van 'n Raad of Komitee wat vir meer as een gesondheidsfasiliteit ingestel is, enige voorgenome aanpassing van sy samestelling wat deur die sluiting van daardie gesondheidsfasiliteit genoodsaak word; en 40
- (c) in die geval van 'n Raad wat slegs vir daardie gesondheidsfasiliteit ingestel is, die beskikking oor die bates en laste van die Raad, en enige trust wat moontlik deur die Raad ingestel is.

(2) By die sluiting van 'n gesondheidsfasiliteit bedoel in subartikel (1)(a) word die Raad of Komitee wat daardie gesondheidsfasiliteit bedien en, in die geval van 'n Raad, enige trust wat moontlik deur die Raad ingestel is, ontbind, en die Departementshoof moet, indien nodig, stappe doen om uitvoering te gee aan die instruksies beoog in subartikel (1)(c). 45

Beperking van aanspreeklikheid van lede

27. 'n Lid is nie aanspreeklik vir enigiets wat te goeder trou gedoen is in die uitvoering van 'n werksaamheid ingevolge hierdie Wet nie. 50

Regulasies

28. (1) Behoudens subartikel (3) moet die Provinsiale Minister regulasies maak rakende—

- (a) prosedures vir die benoeming van lede vir aanstelling in Rade en Komitees; 55
- (b) die finansiële bestuur van Rade;

- (c) die wyse waarop 'n Raad fondse of ander roerende eiendom kan skenk vir die verskaffing, verbetering of uitbreiding van dienste en geriewe, of fondse kan skenk vir die verkryging van roerende of onroerende bates tot voordeel van die hospitaal;
 - (d) die bevoegdhe en pligte van die voorsitter van 'n Raad of Komitee; 5
 - (e) die wyse waarop 'n Raad reëlings kan tref vir die verskaffing van 'n lokaal, asook sekretariële, administratiewe en finansiële rekeningkundige steun;
 - (f) die wyse waarop 'n Komitee fondse wat ingesamel is tot voordeel van die primêregesondheidsorg-fasiliteit en vir die funksionering van die Komitee moet betaal aan die Raad wat ingevolge artikel 18(6) deur die Departements- 10
hoof aangewys is;
 - (g) die wyse waarop 'n Raad wat ingevolge artikel 18(6) aangewys is die fondse wat deur 'n Komitee ingesamel is in ontvangs moet neem, moet administreer en van rekenskap gee;
 - (h) reis- en ander toelae wat ingevolge hierdie Wet betaalbaar is; 15
 - (i) die instelling van trusts deur Rade; en
 - (j) die maatstawwe en proses vir die groepering van primêregesondheidsorg-fasiliteite met die doel om 'n Komitee vir 'n groep primêregesondheidsorg-fasiliteite in te stel.
- (2) Behoudens subartikel (3) kan die Provinsiale Minister regulasies maak rakende— 20
- (a) prosedures vir vergaderings van 'n Raad of Komitee; en
 - (b) enige ander aangeleentheid wat nodig of raadsaam kan wees om voor te skryf ten einde die oogmerke van hierdie Wet te bereik.
- (3) In die geval van regulasies wat finansiële implikasies vir die staat inhou, moet die Provinsiale Minister die regulasies maak met die instemming van die Provinsiale 25
Minister verantwoordelik vir finansies.

Delegering

- 29.** (1) Die Provinsiale Minister kan enige van sy of haar bevoegdhe of pligte ingevolge hierdie Wet aan die Departementshoof deleger of opdra, behalwe die bevoegdheid om regulasies te maak. 30
- (2) Die Departementshoof kan enige van sy of haar bevoegdhe of pligte ingevolge hierdie Wet deleger of opdra aan—
- (a) 'n werknemer in die Departement; of
 - (b) die bekleër van 'n spesifieke amp of posisie in die Departement.
- (3) Ondanks subartikel (2) mag die Departementshoof nie aan 'n lid 'n bevoegdheid 35
deleger of 'n plig opdra nie.
- (4) 'n Delegasie of opdrag bedoel in subartikel (1) of (2)—
- (a) moet op skrif wees;
 - (b) kan behoudens voorwaardes gemaak word;
 - (c) kan skriftelik deur die Provinsiale Minister of die Departementshoof, na 40
gelang van die geval, ingetrek of gewysig word;
 - (d) kan die verdere delegasie van daardie bevoegdheid of verdere opdrag van daardie plig toelaat;
 - (e) verhoed nie die Provinsiale Minister of die Departementshoof, na gelang van die geval, om daardie bevoegdheid uit te oefen of daardie plig uit te voer nie; 45
en
 - (f) ontnem nie die Provinsiale Minister of die Departementshoof, na gelang van die geval, van die verantwoordelikheid rakende die uitoefening van die gedelegeerde bevoegdheid of die uitvoering van die opgedraagde plig nie.

Oorgangsbepalings ten opsigte van sentrale hospitale 50

- 30.** (1) Ondanks die herroeping by hierdie Wet van die Wes-Kaapse Wet op Gesondheidsfasiliteitsrade, gaan 'n bestaande sentralehospitaal-raad in die Provinsie voort om te funksioneer ooreenkomstig die bepalinge van daardie Wet totdat die nasionale Minister 'n verteenwoordigende sentralehospitaal-raad vir die betrokke hospitaal aangestel het. 55
- (2) Ondanks artikel 7 van die Wes-Kaapse Wet op Gesondheidsfasiliteitsrade, wanneer die ampstermyn van 'n lid van 'n bestaande sentralehospitaal-raad verval voor die aanstelling deur die nasionale Minister van 'n verteenwoordigende sentrale-

hospitaal-raad vir die betrokke hospitaal, kan daardie lid in die amp bly totdat die aanstelling deur die nasionale Minister gemaak is.

(3) By die aanstelling van 'n verteenwoordigende sentralehospitaal-raad deur die nasionale Minister—

- (a) vestig die bates en laste van die bestaande sentralehospitaal-raad in die 5
verteenwoordigende sentralehospitaal-raad op voorwaarde dat die bates deur
die verteenwoordigende sentralehospitaal-raad aangewend moet word tot
voordeel van daardie raad of die sentrale hospitaal wat hy bedien; en
- (b) kan die Provinsiale Minister na oorleg met die bestaande sentralehospitaal- 10
raad 'n skriftelike bepaling maak rakende enige aangeleentheid wat nodig kan
wees om die doeltreffende funksionering van die verteenwoordigende
sentralehospitaal-raad te verseker.

Herroeping en voorbehoude

31. (1) Die Wes-Kaapse Wet op Gesondheidsfasiliteitsrade word herroep.

(2) Behoudens artikel 30— 15

- (a) gaan 'n Raad ingestel kragtens artikel 5 van die Wes-Kaapse Wet op 15
Gesondheidsfasiliteitsrade en wat onmiddellik voor die inwerkingtreeding van
hierdie Wet bestaan, voort om te funksioneer en word die Raad geag ingestel
te wees kragtens artikel 4(1) van hierdie Wet;
- (b) word die regsidentiteit en die regte en verpligtinge van so 'n Raad nie deur die 20
herroeping van daardie Wet geraak nie; en
- (c) gaan enige persoon wat ooreenkomstig daardie Wet onmiddellik voor die
inwerkingtreeding van hierdie Wet 'n amp beklee, voort in die amp vir die
termyn van daardie persoon se aanstelling en word die persoon geag behoorlik
aangestel te wees ingevolge hierdie Wet vir die onverstreke gedeelte van sy of 25
haar ampstermyn.

(3) Enige proklamasie, regulasie, kennisgewing, bevel, magtiging, toestemming of dokument wat uitgereik, gepromulgeer, gegee of verleen en enige ander handeling verrig kragtens die Wes-Kaapse Wet op Gesondheidsfasiliteitsrade word geag, indien nie onbestaanbaar met hierdie Wet nie, kragtens hierdie Wet uitgereik, gepromulgeer, 30
gegee, verleen of verrig te wees.

Kort titel en inwerkingtreeding

32. Hierdie Wet heet die Wes-Kaapse Wet op Rade en Komitees vir 35
Gesondheidsfasiliteite, 2016, en tree in werking op 'n datum wat die Premier by
proklamasie in die *Provinsiale Koerant* bepaal.

**MEMORANDUM OOR DIE OOGMERKE VAN DIE WES-KAAPSE
WETSONTWERP OP RADE EN KOMITEES VIR
GESONDHEIDSFASILITEITE, 2016**

1. AGTERGROND

- 1.1. Verskeie artikels van die “National Health Act, 2003” (Wet 61 van 2003) (die NHA), het op 27 Februarie 2012 ingevolge Proklamasie 11/2012, gepubliseer in *Staatskoerant* 35081, in werking getree. Die tersaaklike artikels vir die toepassing van die Wes-Kaapse Wetsontwerp op Rade en Komitees vir Gesondheidsfasiliteite, 2016 (die Wetsontwerp) is artikels 41 en 42, wat bepaal dat rade vir hospitale aangestel word en komitees vir klinieke en gemeenskapsgesondheidsorg-sentrums aangestel word.
- 1.2. Artikel 41(1) van die NHA maak voorsiening vir die nasionale Minister van Gesondheid (die nasionale Minister) om onder meer die omvang van gesondheidsdienste, die prosedures en maatstawwe vir toelating en verwysing, en die skedule van tariewe vir sentrale hospitale te bepaal. Artikel 41(2) van die NHA maak voorsiening vir die tersaaklike lid van die Uitvoerende Raad (die LUR) om hierdie werksaamhede ten opsigte van alle ander openbare gesondheidsinrigtings wat as ’n hospitaal geklassifiseer word te verrig, buiten sentrale hospitale.
- 1.3. In ooreenstemming met hierdie bepalings, bepaal artikel 41(4) dat die nasionale Minister ’n verteenwoordigende raad vir ’n sentrale hospitaal of groep sentrale hospitale moet aanstel en die werksaamhede van hierdie rade moet voorskryf. Artikel 41(6)(a) bepaal dat die tersaaklike LUR ’n verteenwoordigende raad moet aanstel vir alle openbare gesondheidsinrigtings wat as ’n hospitaal geklassifiseer word of vir groepe sodanige openbaregesondheidsinrigtings. Die LUR moet ook die werksaamhede en prosedures voorskryf vir vergaderings van hierdie rade. Die openbare gesondheidsinrigtings bedoel in artikel 41(6)(a) sluit nie sentrale hospitale in nie. Artikel 42 bepaal dat provinsiale wetgewing voorsiening moet maak vir minstens die instelling in die betrokke provinsie van komitees vir klinieke en gemeenskapsgesondheidsorg-sentrums of groepe daarvan.
- 1.4. Tans word die rade van alle hospitale in die Wes-Kaap, met inbegrip van die rade van sentrale hospitale, deur die Provinsiale Minister van Gesondheid (die Provinsiale Minister) aangestel kragtens die Wes-Kaapse Wet op Gesondheidsfasiliteitsrade, 2001 (Wet 7 van 2001). Geen spesifieke voorsiening word daarin vir die aanstelling van komitees vir klinieke en gemeenskapsgesondheidsorg-sentrums gemaak nie.
- 1.5. Die Wetsontwerp is nodig om aan die bogenoemde artikels van die NHA te voldoen. Die Wetsontwerp maak dienooreenkomstig voorsiening vir die aanstellings van rade vir hospitale in die Provinsie buiten sentrale hospitale, en die aanstelling van komitees vir klinieke en gemeenskapsgesondheidsorg-sentrums. Klinieke en gemeenskapsgesondheidsorg-sentrums word in die Wetsontwerp as “primêregesondheidsorg-fasiliteite” gekategoriseer. Hospitale en primêregesondheidsorg-fasiliteite word in die Wetsontwerp gesamentlik na verwys as “gesondheidsfasiliteite”.

2. OOGMERKE VAN WETSONTWERP

- 2.1 Die oogmerke van die Wetsontwerp is om voorsiening te maak vir die aanstelling van rade vir hospitale in die Provinsie buiten sentrale hospitale, en vir die aanstelling van komitees vir primêregesondheidsorg-fasiliteite, en om voorsiening te maak vir die funksionering van hierdie rade en komitees.

- 2.2 Die oogmerke van die Wetsontwerp is om voorsiening te maak vir—
- (a) die instelling van verteenwoordigende en aanspreeklike rade en komitees vir gesondheidsfasiliteite as statutêre liggame;
 - (b) responsiwiteit van die bestuur van gesondheidsfasiliteite teenoor die gemeenskap en die behoeftes van pasiënte en hul gesinne;
 - (c) gemeenskapsteun vir, en -betrokkenheid by, gesondheidsfasiliteite en hul programme;
 - (d) 'n basiese stel duidelik omskrewe werksaamhede en bevoegdhede vir rade en komitees wat toenemend uitgebrei kan word in die openbare belang namate die vermoë van 'n raad of komitee toeneem; en
 - (e) oorgangsbepalings vir bestaande sentralehospitaal-rade.

3. INHOUD VAN WETSONTWERP

Klousule 1 maak voorsiening vir sekere woordskrywings.

Klousule 2 sit die oogmerke van die Wetsontwerp uiteen.

Klousule 3 maak voorsiening vir die aanwysing van gesondheidsfasiliteite vir die doeleindes van die aanstelling van 'n raad of komitee deur die Provinsiale Minister.

Klousule 4 maak voorsiening vir die Provinsiale Minister om rade en komitees in te stel.

Klousule 5 maak voorsiening vir die aanstelling van raadslede.

Klousule 6 maak voorsiening vir die aanstelling van komitee-lede.

Klousule 7 sit die benoembaarheidsmaatstawwe vir aanstelling as 'n lid van 'n raad of komitee uiteen.

Klousule 8 maak voorsiening vir die ampstermyn van lede van rade en komitees.

Klousule 9 maak voorsiening vir die verklaring en vul van vakatures op rade en komitees.

Klousule 10 sit die pligte van hospitaalarade uiteen.

Klousule 11 sit die bevoegdhede van hospitaalarade uiteen.

Klousule 12 sit die pligte van komitees vir primêregesondheidsorg-fasiliteite uiteen.

Klousule 13 sit die bevoegdhede van komitees vir primêregesondheidsorg-fasiliteite uiteen.

Klousule 14 maak voorsiening vir die verandering van die werksaamhede van 'n raad of komitee.

Klousule 15 maak voorsiening vir die wyse waarop rade en komitees hul pligte moet verrig en bevoegdhede moet uitoefen.

Klousule 16 maak voorsiening vir maatreëls vir samewerking.

Klousule 17 maak voorsiening vir die verkiesing van 'n voorsitter en ondervoorsitter van 'n raad of komitee.

Klousule 18 maak voorsiening vir die sekretariële, administratiewe en finansiële rekeningkundige steun wat deur rade en komitees benodig word en vir die inlywing van lede van rade en komitees wat nuut aangestel is in 'n eerste ampstermyn.

Klousule 19 maak voorsiening vir die skedulering van vergaderings van rade en komitees.

Klousule 20 maak voorsiening vir die prosedure by vergaderings van rade en komitees.

Klousule 21 maak voorsiening vir die bywoning van die publiek van vergaderings van rade en komitees.

Klousule 22 maak voorsiening vir die aanstelling van uitvoerende komitees van rade en komitees.

Klousule 23 maak voorsiening vir die aanstelling van spesialiskomitees van rade en komitees.

Klousule 24 maak voorsiening vir die insameling en aanwending van fondse deur rade.

Klousule 25 maak voorsiening vir reis- en ander toelae ten opsigte van lede van rade en komitees.

Klousule 26 maak voorsiening vir die sluiting van 'n gesondheidsfasiliteit.

Klousule 27 maak voorsiening vir die beperking van aanspreeklikheid van lede.

Klousule 28 maak voorsiening vir die maak van regulasies deur die Provinsiale Minister.

Klousule 29 maak voorsiening vir die delegering van bevoegdhede en opdrag van pligte.

Klousule 30 maak voorsiening vir oorgangsbepalings ten opsigte van sentrale hospitale.

Klousule 31 maak voorsiening vir die herroeping van die Wes-Kaapse Wet op Gesondheidsfasiliteitsrade, 2001 (Wet 7 van 2001), en bevat voorbehoudsbepalings.

Klousule 32 maak voorsiening vir die kort titel en datum van inwerkingtreding.

4. FINANSIËLE IMPLIKASIES

Lede van fasiliteitsrade en -komitees is uiteraard vrywilligers. Die Wetsontwerp bepaal dat die Departement komiteeledes uit sy fondse kan vergoed vir reisuittog as gevolg van bywoning van komiteevergaderings. Daarbenewens bepaal die Wetsontwerp dat, waar 'n hospitaalraad onvoldoende fondse beskikbaar het, die Departement raadslede uit sy fondse kan vergoed vir reisuittog wat aangegaan is as gevolg van bywoning van raadsvergaderings.

5. PERSONEELIMPLIKASIES

Die Departement sal verantwoordelik wees vir die verskaffing van administratiewe steun aan die rade en komitees. Gelet op die aantal rade en komitees, is daar 'n waarskynlikheid dat daar beduidende bykomende eise geplaas sal word op die administratiewe kapasiteit van gesondheidsfasiliteite en hul bestuur.

6. OORLEGPLEGING

Die Departement van die Premier: Regsdienste

Die Konsepwetsontwerp is op 15 Mei 2015 in die *Buitengewone Provinsiale Koerant* 7392 vir openbare kommentaar gepubliseer, met 'n sluitingsdatum van 15 Junie 2015 vir die indiening van kommentaar. 'n Kennisgewing is daaropvolgend in die *Provinsiale Koerant* 7397 gepubliseer wat die sluitingsdatum vir die indiening van kommentaar tot 31 Julie 2015 uitgestel het.

7. WETGEWENDE BEVOEGDHEID

Die Provinsiale Minister is tevrede dat al die bepalings van die Wetsontwerp binne die wetgewende bevoegdheid van die Provinsie ressorteer.

UMTHETHO OSAYILWAYO

Lo mthetho uyilwayo ulungiselelwe ukuseka, imisebenzi, amagunya neenkqubo zeebhodi ezimiselwe izibhedlele neekomiti ezimiselweyo zamaziko ezempilo onyango olusisiseko; kunye nokulungiselela imiba enxulumene noko.

NGOKO KE KUWISWA UMTHETHO yiPalamente yeNtshona Koloni, ngolu hlobo lulandelayo:—

Inkcazo-magama

1. Kulo Mthetho naliphi na igama elinikwe intsingiselo luhlala linaloo ntsingiselo liyinikeziweyo ngaphandle kwalapho indlela elisetyenziswe ngayo igama linika enye intsingiselo—
 - “**umphicothi**” uthetha umntu obhalise njengomphicothi ngokoMthetho i-*Auditing Profession Act, 2005* (uMthetho 26 ka-2005);
 - “**iBhodi**” ithetha iBhodi yesibhedlele esekwe ngokwecandelo 4(1);
 - “**isibhedlele esikhulu**” sithetha isibhedlele esibalelwa ukuba sisibhedlele esikhulu ngokwecandelo lama-35 lomthetho i-*National Health Act* nguMphathiswa wesizwe onoxanduva lwemicimbi yezempilo;
 - “**IKomiti**” ithetha iKomiti yeziko lempilo leenkonzongonyango olusisiseko esekwe ngokwecandelo (4);
 - “**ISebe**” lithetha isebe lephondo elinoxanduva lwemicimbi yezempilo kwiPhondo;
 - “**IBhunga lezeMpilo leSithili**” lithetha iBhunga leMpilo leSithili ngokwendlela echazwe kwicandelo 1 lomthetho i-*Western Cape District Health Councils Act, 2010* (uMthetho 5 ka-2010);
 - “**umphathi wezempilo wesithili**” uthetha umphathiswa wezempilo wesithili njengeko kuchaziwe kwicandelo 1 lomthetho i-*Western Cape District Health Councils Act, 2010*;
 - “**ibhodi emileyo yesibhedlele esikhulu**” ithetha ibhodi ngokwendlela echazwe phantsi kwecandelo 5 lomthetho i-*Western Cape Health Facility Boards Act* yesibhedlele esikhulu;
 - “**INTloko yeSebe**” ithetha intloko yesebe enoxanduva lwemicimbi yezempilo kwiPhondo;
 - “**iziko lempilo**” lithetha isibhedlele okanye iziko lempilo elineenkonzongonyango olusisiseko;
 - “**isibhedlele**” sithetha isakhiwo, iziko okanye indawo emiselwe njengesibhedlele nguMphathiswa wePhondo ngokwecandelo 3;
 - “**ilungu**” lithetha ilungu leBhodi okanye leKomiti, njengoko kunjalo;
 - “**INational Health Act**” ithetha i-*National Health Act, 2003* (uMthetho 61 ka-2003);
 - “**uMphathiswa wesizwe**” uthetha uMphathiswa wesizwe onoxanduva lwemicimbi yezempilo;
 - “**ukumisela**” kuthetha ukumisela ngokommiselo;
 - “**iziko lempilo leenkonzongonyango ezisisiseko**” lithetha isakhiwo, iziko okanye indawo emiselwe njengeziko lempilo nguMphathiswa wePhondo ngokwecandelo 3;
 - “**IPhondo**” lithetha iPhondo leNtshona Koloni;
 - “**UMphathiswa wePhondo**” uthetha uMphathiswa wePhondo onoxanduva lwemicimbi yezempilo kwiPhondo;

- “**ummiselo**” uthetha ummiselo owenzwe phantsi kwalo mthetho;
 “**ibhodi yabameli yesibhedlele esikhulu**” ithetha ibhodi enyulwe nguMphathiswa wesizwe phantsi kwecandelo 41(4) lomthetho i*National Health Act*;
 “**lo Mthetho**” uquka nemimiselo;
 “**iWestern Cape Health Facility Boards Act**” ithetha i*Western Cape Health Facility Boards Act, 2001* (uMthetho 7 ka-2001). 5

Injongo yalo Mthetho

2. Iinjongo zalo mthetho kukulungiselela—
- ukumisela abameli neeBhodi kunye neeKomiti njengamaqumrhu omthetho; 10
 - ukukwazi kwabaphathi bamaziko empilo ukukhawulelana noluntu kunye neemfuno zezigulane neentsapho zazo;
 - inkxaso yoluntu, ukubandakanyeka kwalo kumaziko empilo kunye neenkqubo zawo;
 - iiBhodi zempilo neKomiti inikwe imisebenzi esisiseko ecacisiweyo, enokumana isandiswa ngokwezinto eziphambili ezifunwa luluntu njengoko umsebenzi weBhodi okanye oweKomiti uya usanda; kunye 15
 - nemiselo yethutyana yeebhodi esezikho zezibhedlele ezikhulu.

UkuChongwa kwesibhedlele okanye iziko lempilo leenkonziso ezisisiseko

3. (1) Ngokweenjongo zokumiselwa kweBhodi okanye kweKomiti ngokwalo Mthetho, uMphathiswa wePhondo uya kuchonga njengesibhedlele okanye iziko lempilo nasiphi isakhiwo, iziko okanye indawo apho abantu baye bafumane unyango khona, apho kukho iinkqubo zohlolo ukufumanisa ngezigulo nangonyango okanye kwenziwe nezinye iinkonziso zonyango. 20
- (2) UMphathiswa wePhondo uya kuchonga njengesibhedlele okanye iziko lempilo elineenkonziso ezisisiseko isakhiwo, iziko okanye indawo emiselwe ngumasipala ekwenza oko kuphela ngokwesivumelwano— 25
- noMphathiswa wePhondo ojongene norhulumente wommandla; kunye
 - nomasipala ochaphazelekayo.

Ukusekwa kweeBhodi neeKomiti

4. (1) UMphathiswa wePhondo uya kumisela iBhodi yesibhedlele okanye iqela lezibhedlele ngaphandle kwezibhedlele ezikhulu okanye iqela lezibhedlele ezikhulu. 30
- (2) Apho iBhodi yeqela lezibhedlele iya kumiselwa khona, uMphathiswa wePhondo uya kumisela iqela enike ingqalelo—
- umgama ophakathi kwezibhedlele ngokweendawo ezimi kuzo; 35
 - ubukhulu nobungakanani babantu abancedwa kwezi zibhedlele; kunye
 - nobungakanani beenkonzo ezenziwa ezibhedlele.
- (3) IBhodi ngumntu osemthethweni onokufaka isimangalo okanye amangalelwe ngegama layo.
- (4) UMphathiswa wePhondo uya kumisela iKomiti— 40
- iziko lempilo elineenkonziso zonyango olusisiseko; kunye
 - neqela lamaziko empilo aneenkonzo zonyango olusisiseko, amiselwe nguMphathiswa wePhondo.
- (5) Imigaqo neenkqubo ezilandelwayo zokuhlenganisa amaziko empilo aneenkonzo zonyango olusisiseko kwimeko apho iKomiti ithetha yatyunjelwa ukujongana namaziko empilo aneenkonzo zonyango olusisiseko iya kumiselwa nguMphathiswa wePhondo. 45
- (6) IKomiti asingomntu womthetho kwaye akanako ukumangalela okanye amangalelwe okanye onepropathi egameni lakhe.

Ukutyunjwa kwamalungu eBhodi

5. (1) UMphathiswa wePhondo kufuneka amisele iBhodi enamalungu angekho ngaphezu kwesine kodwa angadluli kumalungu ali-14, kuqukwa— 50
- abantu abamele uluntu okanye iindawo ezahlukeneyo zoluntu oluncedwa kwesi sibhedlele emiselwe sona iBhodi, etyunjwe ngokwecandelwana (4);
 - ubuncinane ibe ngumntu omnye onobungcali kwezomsebenzi, kwezomthetho, ezemali okanye kwezinye iindawo ezinxulumene nemisebenzi yeBhodi; 55

- (c) intloko yesibhedlele esichaphazelekayo okanye, kwimeko apho iBhodi imiselwe ukujongana nezibhedlele eziliqela, makuphume intloko ibenye kwiintlo kwezo zibhedlele ubuncinane;
- (d) ubuncinane mayibe ngumntu omnye omele abasebenzi bezonyango emiselwe bona iBhodi, atyunjwe ngabasebenzi bezonyango besibhedlele, kodwa kwimeko apho iBhodi imiselwe ukujongana bezibhedlele eziliqela, kodwa akukho mfuneko yokuba kutyunjwe umntu omele abasebenzi bezempilo kwisibhedlele ngasinye esichaphazelekayo; 5
- (e) ubuncinane ngumntu omnye omele abasebenzi abangengobanyangi abasebenza esibhedlele esimiselwe sona iBhodi, okhethwa ngabasebenzi abangengobanyangi, kodwa kwimeko yokumiselwa kweBhodi ejongene nezibhedlele eziliqela akukho mfuneko yokuba kutyunjwe umntu omele abasebenzi abangengobanyangi kwisibhedlele ngasinye; kunye 10
- (f) nakwimeko apho iBhodi imiselwe isibhedlele esinye okanye izibhedlele eziliqela iingcali zabasebenzi ziye ziqeqeshwe, ubuncinane umntu omnye omele iimfuno eziphambili ezinxulumene nemfundo kwisibhedlele ngasinye esichaphazelekayo, otyunjwe liSeleka-Ngqonyela okanye ngaMasekela-Ngqonyela eyunivesithi okanye eeyunivesithi ezichaphazelekayo. 15
- (2) Ukwangeza kumalungu atyunjwe ngokwecandelwana (1) uMphathiswa wePhondo uya kunyulela kwiBhodi— 20
- (a) ilungu lePalamente yePhondo limisele ikomiti yepalamente ejongene nemiba yempilo; kunye
- (b) uceba omnye okanye ooceba abaninzi bebhunga likamasipala lendawo kamasipala enesibhedlele, amiselwa libhunga likamasipala okanye ikomiti echaphazelekayo yezempilo yebhunga laloo masipala. 25
- (3) Amalungu amiselwe ngokwecandelwana (1)(a) aya kuba namalungu eBhodi akumlinganiselo wamashumi amahlanu eepesenti ewonke.
- (4) Amalungu ekubhekiselelwa kuwo kwicandelwana (1)(a) aya kumiselwa liqumrhu eliya kuthi ngokwembono yoMphathiswa wePhondo libe nabameli abaya kuzifezekisa ngokupheleleyo iimfuno eziphambili zoluntu okanye zeendawo zoluntu oluchaphazelekayo 30
- (5) Iqumrhu ekubhekiselelwa kulo kwicandelwana (4)—
- (a) aliyi kuba ngumbutho wezopolitiko;
- (b) liya kuthi, nangani kunganyanzelekanga ukuba libe— 35
- (i) yikomiti okanye iforam yezempilo yoluntu;
- (ii) yiforam yophuhliso loluntu;
- (iii) ngumbutho wezokuhlala;
- (iv) ngumbutho wezentlontle;
- (v) ngumbutho omele izigulane ezisebenzisa inkonzo yezempilo okanye amaziko empilo; 40
- (vi) ngumbutho osekwe eluntwini;
- (vii) ngumbutho ongekho kurhulumente; okanye
- (viii) ngumbutho omele abantwana, amabhinqa, abantu abadala, abantu abakhubazekileyo okanye iimbacu.
- (6) UMphathiswa wePhondo uya kukhupha imigaqo eyalelayo yokwenziwa kwezimemelelo zokutyumba njengoko kuchaziwe kumacandelwana (1)(a) no-(4). 45
- (7) Apho kufuneka kutyunjwe khona ngokweli candelo, onke amagama aphakanyiselwe ukutyunjwa afumanekileyo kwisithuba esimiselweyo aya kunikwa ingqalelo nguMphathiswa wePhondo ngaphambi kokuba kwenziwe inkqubo efanelekileyo yokutyumba. 50
- (8) Ukuba uMphathiswa wePhondo uthe akafumana magama aphakanyiselwe ukutyunjwa okanye angonelanga afunekayo ngokweli candelo, nawuphi umntu oselungelweni nofanelekileyo uya kutyunjwa njengelungu etyunjwa kwisigaba esimiselweyo nesichazwe kwicandelwana (1) okanye (2).
- (9) Ukutyunjelwa ukuba kwiBhodi kuya kwenziwa kuthatyathelwe ingqalelo uhlanga nesini kwanabantu abadala kwanabantu abakhubazekileyo. 55

Ukumiselwa kwamalungu ekomiti

6. (1) UMphathiswa wePhondo uya kumisela iKomiti engayi kuba namalungu angaphantsi kwamathathu kodwa angabi ngaphezu kwali-12, kuqukwa—

- (a) uceba omnye okanye ooceba abaninzi bebhunga likamasipala lendawo kamasipala enesibhedlele, amiselwa libhunga likamasiapala okanye ikomiti echaphazelekayo yezempilo yebhunga laloo masipala;
- (b) amalungu oluntu okanye eendawo zoluntu oluncedwa liziko lempilo elineenkonzononyango olusisiseko ngokubhekiselele kwindawo elikulo iziko lempilo elineenkonzononyango oluphambili elimiselwe lona uluntu, atyunjwe ngokwecandelwana (3); kunye 5
- (c) nentloko yeziko elichaphazelekayo lempilo elineenkonzononyango oluphambili okanye, kwimeko apho iKomiti imiselwe ukujongana neziko lempilo elineenkonzononyango oluphambili, umanejala wesithilana sezonyango apho limi khona iziko lempilo elineenkonzononyango olusisiseko. 10
- (2) Amalungu atyunjwe ngokwecandelwana (1)(b) aya kuba namalungu eKomiti akumlinganiselo wamashumi amahlanu eepesenti ewonke.
- (3) Amalungu ekubhekiselelwa kuwo kwicandelwana (1)(b) aya kutyunjwa liqumrhu elithe— 15
- (a) ngokwembono yoMphathiswa wePhondo libe nabameli abaya kuzifezekisa ngokupheleleyo iimfuno eziphambili zoluntu okanye zeendawo zoluntu oluchaphazelekayo;
- (b) aliyi kuba ngumbutho wezopolitiko, kodwa lingalilo, nangani kunganyanzelekanga ukuba libe liqumrhu ekubhekiselelwe kulo kwicandelo 5(5)(b). (4) UMphathiswa wePhondo uya kukhupha imigaqo eyalelayo yokwenziwa kwezimemelelo zokutyumba njengoko kuchaziwe kumacandelwana (1)(b) nele (3). 20
- (5) Apho kufuneka kutyunjwe khona ngokwecandelo (1)(b), onke amagama aphakanyiselwe ukutyunjwa afumanekileyo kwisithuba esimiselweyo aya kunikwa ingqalelo nguMphathiswa wePhondo ngaphambi kokuba kwenziwe inkqubo efanelekileyo yokutyumba. 25
- (6) Ukuba uMphathiswa wePhondo uthe akafumana magama aphakanyiselwe ukutyunjwa okanye angenelanga afunekayo ngokwecandelo (b) wecandelwana (1), nabaphi na abantu abafanelekileyo baya kutyunjwa njengamalungu, betyunjwa kwisigaba esimiselweyo nesichazwe kula mhlathi. 30

Ukulungela ukuba sesikhundleni kwelungu

7. (1) Ukuze abe umntu ukulungele ukuba sesikhundleni njengelungu kufuneka abe— 35
- (a) ungummi waseMzantsi Afrika;
- (b) ngaphezulu kwiminyaka eli-18 ubudala;
- (c) akakho matyaleni angahlawulekiyo;
- (d) akazange, nangaliphi na ixesha, afunyaniswe—
- (i) enetyala awakhe waligwetyelwa ngokuvallelwa entolongweni engasinikwanga isohlwayo; okanye 40
- (ii) ebuseleni, ubuqhetseba, ukukhohlisa, lithethe inkohliso ngamaxwebhu, lifunge ubuxoki, libe likwanalo naliphi na ityala ngokwe*Prevention and Combating of Corrupt Activities Act, 2004* (uMthetho 12 ka-2004), okanye linalo naliphi ityala ngenxa yokungathembeki kwalo, nokuba kukwiRiphabliki yoMzantsi Afrika okanye ngaphandle kwiRiphabliki, ukuba oku kuziphatha bekuya kuba lityala kwiRiphabliki; 45
- (e) ubonakalisa ukuzinikela kwinkonzo yoluntu;
- (f) ubonakalisa inkxaso kumnqophiso neempawu zentsulungeko zeziko lezempilo elichaphazelekayo; kunye 50
- (g) nokubonakalisa imfezeko nentembeko enkulu.

Ixesha lokuba sesikhundleni kwamalungu

8. (1) Amalungu atyunjelwa ukuba sesikhundleni isithuba seminyaka emithathu
- (2) Lakuba liphelile ixesha lokuba sesikhundleni kwelungu, elo lungu liya kuba sesikhundleni kude kutyunjwe umntu oya kungena esikhundleni salo, kodwa zingedluli iinyanga ezinhandathu. 55
- (3) Ngokuxhomekeke kwicandelwana (4), ilungu linako ukutyunjelwa kwiBhodi okanye kwiKomiti lakuba liphelile ixesha lalo lokuba libe sesikhundleni.

(4) Ilungu, ngaphandle kwelungu elityunjwe ngokwecandelo 5(1)(c) okanye 6(1)(c), liya kusebenza kwiBhodi okanye kwiKomiti izihlandlo ezilandelelanyo eziya kuba ngaphezulu kezibini.

(5) Nangona kuchazwa kwicandelwana (4), ilungu elisebenze izihlandlo ezilandelelanayo ezibini liya kuphinda lityunjwe kwakhona ukuba kuthe ngokwembono yoMphathiswa wePhondo kubekho iimeko ezibaluleke ngokukodwa ukuba lityunjwe kwakhona okanye, xa kungekho meko zibaluleke ngokukodwa, emva kokuba likhe lanqumama ixesha elingabanga ngaphantsi konyaka omnye. 5

Izikhundla

9. (1) USihlalo weBhodi okanye weKomiti uya kuthi ngokukhawuleza abhalele iBhodi okanye kwiKomiti isibhengezo esichaza ukuba isikhundla njengesingenamntu xa lithe ilungu— 10

- (a) lasweleka;
- (b) lithe lakwazisa ukurhoxa kwalo kusihlalo ngembalelwano;
- (c) lisematyaleni angahlawulekiyo yinkundla yeRiphabliki; 15
- (d) lithe ngexesha lisesikhundleni lachaphazeleka—
 - (i) lafunyaniswa linetyala lize ligwetyelwe intolongo lingasinikwanga sohlwayo; okanye
 - (ii) ebuseleni, ubuqhetseba, ukukhohlisa, lithethe inkohliso ngamaxwebhu, lifunge ubuxoki, libe likwanalo naliphi na ityala ngokwe*Prevention and Combating of Corrupt Activities Act, 2004*, (uMthetho 12 ka-2004), okanye linalo naliphi ityala ngenxa yokungathembeki kwalo, nokuba kukwiRiphabliki yoMzantsi Afrika okanye ngaphandle kwiRiphabliki, ukuba oku kuziphatha bekuya kuba lityala kwiRiphabliki; 20
- (e) alibangakho kwiintlanganiso ezintathu zilandelelana libe lingekho kwikhefu elimiselwe yiBhodi okanye yiKomiti; 25
- (f) linqunyanyisiwe okanye lirhoxisiwe kwisikhundla salo phantsi kwecandelo 24(12)(b);
- (g) liyayeka esikhundleni elalinyulelwe sona yiBhodi okanye kwiKomiti; okanye 30
- (h) lisilele ukuchaza kwiBhodi okanye kwiKomiti layo nayiphi indlela eliyingenisa ngayo imali, aliwandlalanga umcimbi onjalo ngokungqalileyo okanye ngokungangqalanga kwiBhodi okanye kwiKomiti, kwaye elo lungu kufuneka libekho xa, okanye lithathe inxaxheba kwiingxoxo, okanye xa kuvotelwa lo mcimbi. 35

(2) Ukuba ilungu leBhodi okanye leKomiti liziphazamisa rhoqo iintlanganiso zeBhodi okanye ezeKomiti, okanye liyasilela ukwenza umsebenzi walo ngokuzimisela nangokuthembeka, uMphathiswa wePhondo uya kuqhuba uphando ngaloo mcimbi kwaye, ukuba akho amagunya afanelekileyo, uya kulirhoxisa elo lungu esikhundleni aze asibhengeze njengesingenamntu isikhundla salo. 40

(3) Kwisithuba seentsuku ezisixhenxe zokubhengeza isithuba ngokwecandelwana (1), usihlalo uya kubhalela uMphathiswa wePhondo amazise ngesithuba eso.

(4) Uya kuthi akuba esifumene isaziso ngesithuba ngokwecandelwana (3), okanye ngokurhoxiswa kwelungu ngokwecandelo (2), uMphathiswa wePhondo uya kunyula omnye umntu, elandela kwinkqubo efanayo naleyo yayilandelwe xa kwakunyulwa eli lungu likhutshwayo, lungu elo liya kuba sesikhundleni selungu elimkileyo ixesha elingayi kuphelelwa, kwaye ngokweenjongo zecandelo 8(4), kwakukho isithuba ngexesha ebelingene ngalo esikhundleni. 45

(5) Ngokweenjongo zokutyumba okuchazwe kwicandelwana (4) uMphathiswa wePhondo uya kusebenzisa imigaqo efanayo eyayisetyenzisiwe yokutyumba ilungu elingena kwisikhundla selungu elirhoxisiweyo. 50

(6) Xa iBhodi ithe yasilela ukuzimasa iintlanganiso zide zibe ntandathu zilandelelana ngokwekhalenda yonyaka, okanye iKomiti ithe yasilela ukuya kwiintlanganiso ezine ngokwekhalenda yonyaka, uMphathiswa wePhondo uya kuyibhengeza iBhodi okanye iKomiti echaphazelekayo njengengasebenzi kakuhle aze amisele iBhodi entsha ngokwecandelo 5 okanye iKomiti entsha ngokwecandelo 6. 55

Imisebenzi yeeBhodi

